ToekomsVonk
Vonk Jou Toekoms
NPC Reg Nr: 2017/408421/08

AANSOEK VIR FINANSIËLE BYSTAND VIR NASKOOLSE OPLEIDING VAN DIE

ToekomsVonk Steve Hofmeyr Beurs

Die ToekomsVonk Steve Hofmeyr Beurs is gestig om naskoolse studente, wat dit andersins nie kan bekostig nie, te help om verder te studeer. Studies aan enige geregistreerde hoër opleidingsinstansie kwalifiseer. Hierdie is slegs ‘n hulpfonds en nie ‘n volle studiebeurs nie. Hierdie beurs/ hulpfonds sal slegs toegeken word aan kandidate, indien daar ***geen ander eksterne beurse*** toegeken is nie. Beursgeld sal direk aan ‘n instansie betaal word en nie aan die beurshouer nie. Aanpassings aan die beurs kan gemaak word, afhangende die bedrag van die beurs, sowel as die prestasie van die beurshouer.

Prestasie op:

- akademiese,
- kulturele,
- sport gebied,
- en leierseienskappe sal in aanmerking geneem word

Beurse word vir slegs een jaar toegeken. Beurse word vir enige voorgraadse studierigting oorweeg, aan enige geregistreerde tersiêre opleidingsinstansie.

VEREISTES

Aansoeke word hiermee ingewag vanaf voornemende naskoolse studente om finansiële hulp van die ToekomsVonk Steve Hofmeyr Beurs te ontvang.

Maak asb. seker dat die volgende dokumente jou aansoek vergesel:

1. Die aansoekvorm, ten volle ingevul, ingesluit ‘n volledige motivering
2. Gesertifiseerde afskrifte van die identiteitsdokument van die student
3. ‘n Gesertifiseerde afskrif van die registrasiedokument uitgereik deur ‘n geregistreerde opvoedkundige instelling wat die kursus, kursuskoste en vakke aandui

4. ‘n CV van nie meer as twee bladsye
5. Bewys van woonadres
6. ‘n Bewys van graad 12 uitslae of die nuutste beskikbare uitslae van ‘n geregistreerde opleidingsinstansie
7. Bewys van ouer(s)/voog(de) se gesamentlike inkomste van R20 000,00 of minder en/of ‘n bewys van eie inkomste per maand.

VOORWAARDES EN TERME

Aansoekers moet aan die volgende vereistes voldoen om aansoek te doen:

- Kandidate met Afrikaans as moedertaal sal voorkeur kry
- Suksesvolle kandidate moet 40 uur per jaar terugwerk vir ToekomsVonk, volgens kontraktuele ooreenkoms.
- Finansiële behoeftigheid. Bewyse van salarisse/huishoudelike inkomste is ‘n vereiste. (Gesamentlike bruto **jaarlikse** huishoudelike inkomste moet minder wees as R240 000).
- Kandidate moet die voorgeskrewe aansoekvorm volledig voltooi.
- Kandidate moet al die vereiste dokumente saam met die aansoekvorm terugstuur.
- ToekomsVonk betalende ondersteuners en hulle kinders sal voorkeur kry.
- 'n Kandidaat moet bereid wees om, indien nodig geag, op eie koste vir 'n onderhoud met 'n keurkomitee of met die Direkteure in Pretoria aan te meld.
- 'n Kandidaat moet enige ander inligting verskaf wat die Direkteure wettiglik mag aanvra.
- Aansoekers ouer as dertig jaar word normaalweg nie oorweeg nie.
- Aansoekers moet medies geskik wees.
- Beurse word direk aan die instelling betaal waar gestudeer sal word.
- Geen kontant sal aan enige beurshouer betaal word nie.

Die Direkteure van ToekomsVonk het die volle en finale besluitnemingsreg oor die omvang en frekwensie van finansiële steun in enige kategorie.